WANNEER JY ’N GEDEELDE **KRAAN OF TOILET** GEBRUIK

Dra altyd ’n masker.
Hou jou masker op, en moenie aan jou gesig, neus, oë of mond vat of bel terwyl jy die toilet gebruik nie.

Bly op ’n veilige afstand van ander (bv. in die ry).
Dit is 1,5 m, wat omtrent twee keer die lengte van’n volwassene se uitgestrekte arm is.

Hoes of nies in jou elmboog
of in ’n sneesdoekie of toiletpapier. Gooi dit in die toiletbak en spoel dit weg of gooi dit in ’n drom. Was jou hande dadelik daarna met seep en lopende water.

Gebruik toiletpapier om die toiletdeur en -deksel oop te maak, nie jou kaal hande nie.
Gooi of spoel die toiletpapier in die toilet af as jy klaar is. As jy koerantpapier hiervoor gebruik, moenie dit by die toilet afspoel nie want dit sal die drein verstop. Gooi dit eerder in die naaste drom.

Was jou hande vir 20 sekondes met seep en water
onmiddellik nadat jy die toilet gebruik het, en moenie aan jou gesig of enige iets vat totdat jou hande skoon is nie. Jy kan ook ’n drukbottel (‘squeezy bottle’) of kantelkraan (‘tippy tap’) gebruik.

Maak die kraan met seep en water skoon terwyl jy jou hande was
sodat jy nie weer jou hande vuil maak of besmet wanneer jy die kraan toedraai nie. Dit is dan ook skoon vir die volgende persoon.

BY DIE HUIS

- Maak dit ’n gewoonte om jou hande gereeld deur die dag deeglik vir 20 sekondes lank met seep en water te was. Hierdie gewoonte hou jou en ander mense gesonder.
- Gebruik ’n drukbottel (‘squeezy bottle’) of kantelkraan (‘tippy tap’) as ’n gerieflike en waterbesparende manier om jou hande en huishoudelike oppervlakke skoon te hou.
- Ontsmet oppervlakke soos deurhandvatsels, tafels, toestelle (ketels, yskaste, oonde) en kaste gereeld met ’n verdunde bleikmiddelmengsel (bv. Jik). Jy kan ook seep en water gebruik. Maak ’n verdunde oplossing deur ses teelepels bleikmiddel in een liter water te meng. Merk die houer duidelik en hou dit buite bereik van kinders en diere.

Vir nog inligting oor hoe om ’n drukbottel, kantelkraan of bleikmiddelmengsel te maak, gaan na www.capetown.gov.za/coronavirus.

CITY OF CAPE TOWN
ISIXEKO SASEKAPA
STAD KAAPSTAD

Was jou hande. Hou jou afstand.

Maak vooruitgang moontlik. Tesame.